# GEMEENTEBRIEF  APRIL 2025

***Komende Sondag is dit Palmsondag.  Dit is die begin van Groot Lydensweek. Groot Lydensweek is die laaste van die sewe lydensweke waarin ons weer diep onder die indruk gekom het van wat Jesus se lydensweg behels.  Lydenstyd is egter nie 'n seisoen wat 'op sy eie' staan nie, maar is ter voorbereiding vir die heel belangrikste fees op die Christelike kalender, naamlik Paasfees - die fees van die opstanding!***

## GROOT LYDENSWEEK




Hiermee is jy uitgenooi om in te val en deel te neem aan hierdie diep gewortelde gebruik uit die vroeë kerk om hierdie week, die week voor Jesus se kruisdood, saam met Hom op Sy lydenspad te stap. Groot Lydensweek begin komende Sondag met **Palmsondag**.  Dieselfde Koning wat op 'n donkie Jerusalem binnery, is die Een Wat op die Vrydag aan 'n kruis vasgespyker is. Dieselfde skare wat skree: ***"Hosanna, vir die Seun van Dawid"***, is die skare wat op Die Vrydag sou skree: ***"Kruisig Hom, kruisig Hom!"*** Groot Lydensweek berei ons voor vir die viering van die opstanding op Sondagoggend, 20 April.  Dit is **Paasfees**.  Let asseblief op die tye, sodat jy nie hierdie viering per ongeluk mis nie – **Paasfees om 07:00**.

- Komende Sondag is daar nie **Jun Kategese**, **Jun Acts** en **Acts** soos normaalweg nie, maar val ons almal in by die program vir Groot Lydensweek.  Ons sien julle dus Sondagaand by die **Verdonkeringsdiens** as deel van ons program.  Bring asseblief julle ouers ook saam.  Let ook hier op die tyd: **Verdonkeringsdiens om 19:00**!
- Daar is ook 'n **hulpmiddel met gidsgebede** beskikbaar om jou te help om die week sinvol deur te bring.  Dit sal Sondag beskikbaar wees.

## Gemeentegesprek: Beweging 3

Afgelope Sondag, 6 April 2025 om 11:00, het die eerste gesprek oor die Wat, Wie, Waar & Wanneer? in ons kerksaal afgeskop. Die eerste tema was: Gemeente en Verhoudinge. Ons het gekuier oor hoe ons as geloofsgemeenskap doelbewus verhoudinge wil bou deur liefde, gasvryheid en gereelde kommunikasie, sodat dit kan lei tot 'n verdieping in ons navolging van Jesus – dissipelskap.

Hou die gemeentepers dop vir die volgende temas op die lysie:
📖 Bybel en Woord van God – Die Bybel as die fondament van ons geloof en rigting vir ons lewe.
🌍 Koninkryk van God en Sending – Hoe ons as ambassadeurs van God se Koninkryk leef en Sy liefde uitdra.
🔥 Gees en Geloofslewe – Die werking van die Gees in ons geloofsreis en roeping.
🎓 Toerusting en Groei – Hoe ons as dissipels leer, groei en mekaar bemagtig.

## Nog nuus uit die kerkraadsvergadering

### ❖ Welkom in Windhoek-Oos

**Aansoek om lidmaatskap** by Windhoek-Oos is van die volgende mense ontvang – ons het reeds lekker saam oor die gemeente gekuier (DNS_Gesprek):

Frans en Willene Oosthuizen – Frans het in die gemeente grootgeword.
Ingo en Liezl Traupe met hulle twee dogtertjies: Saskia en Yana.

Ons sal hulle so gou dit prakties moontlik is aan die gemeente bekendstel.

Die kerkraad kon ook die volgende **aansoeke om belydenisaflegging** goedkeur:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Burton Weakly | Cari Stears | Cari van Wyk | Catie Weinrebe |
| Charné Kruger | Danelle Hartzenberg | Henri de Klerk | Johan du Plessis |
| Katrien Steenkamp | Liam Derks | Lizka Delport | Mari Maritz |
| Merwe van Wyk | Michael Bauernschmitt | Rudolph Harmse | Zané Harmse |

Belydenisaflegging vind plaas op 18 Mei 2025.

### ❖ Namibiese Sinode: 19 – 23 Maart 2025

Die Sinode van die NGK in Namibië het vanaf 19 – 23 Maart 2025 te Suiderhof Gemeente plaasgevind. Uit ons gemeente het Hendrik, Eddie, Marétha en Koos die vergadering bygewoon.
Daar het verskeie verslae oor die werksaamhede van die NG Kerk in Namibië gedien, onder andere:

- Verslag van die Moderamen (bestuursliggaam wat die werk tussen sinodes doen);
- Strategie en Vernuwing;
- Klein Gemeente Ontwikkeling en Missionale Bediening;
- Teologiese Opleiding en Vorming;
- Verslag van die Algemene Sekretaris, waaronder die begroting;
- Verslag van die Aktuaris.

Dié besluit wat egter die meeste aandag getrek het, is die besluit van die NG Kerk in Namibië om bande met die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika op te sê. Nie net oor hierdie besluit is ons as gemeente diep teleurgesteld nie, maar ons is ook onseker oor die pad wat geloop is om die

sinode by so 'n besluit uit te bring. Ons is van oortuiging dat hierdie optrede nie die koninkryk van Jesus die beste dien nie – ons hoor bloot die Here anders op hierdie punt. Oor hoe hierdie besluit gaan uitspeel in die NG Kerk in Namibië, is ons baie onseker. So ook vir die implikasies wat dit vir 'n gemeente soos die NG Kerk Windhoek-Oos kan hê.

Oor die vorentoe pad besluit die kerkraad as volg:

1. **Die kerkraad stel 'n dokument saam wat sou kon dien as beide 'n appèl en/of klag na aanleiding van die aanloop en afloop van die Namibiese Sinode van 19-23 Maart 2025;**
    1.1. Die dokument word voor die afsnydatum (teen Woensdag, 9 April 2025) vir die aanteken van appèl/beswaar aan die kerkraad gesirkuleer;
    1.2. Sou die kerkraad eenparig besluit om die pad van appèl en/of klag verder te stap, word so kennis aan die moderamen gegee;
    1.3. Indien ons oordeel dat hierdie nie die pad is waarop die Here ons roep nie, word 'n gesprek met die Moderamen aangevra, waarin die appèl en/of klagte as 'n getuienis helder gekommunikeer word;
    1.4. Appèl en\of klag word gefinaliseer en ingedien, sou dit die eenparige oortuiging van die kerkraad wees.
2. **Die kerkraad stel verder ook 'n dokument saam waarin alle ander opsies vir die NG Kerk Windhoek-Oos duidelik uitgespel word, onder andere:**
    2.1. Gaan normaal voort soos altyd, totdat, en indien ons verhinder word om ons roeping in die gemeente uit te leef, en/of die bilaterale ooreenkoms wat binne ses maande gesluit behoort te wees, vir ons groter duidelik bied;
    2.2. Dolering;
    2.3. Die moontlikheid om uit verband met die NG Kerk in Namibië te tree (Art 32?);
    2.4. Die vorming van 'n eie ring saam met ander gemeentes wat hierdie oortuiging deel.

    Wees deurgaans daarvan verseker dat hierdie hele saak rustig en biddend benader word, dat dit deurgaans as 'n getuienis sal dien en tot voordeel van die koninkryk sal strek. Bid asseblief saam met ons om voortdurend te kan onderskei waarop dit regtig aankom, nl. Die eer van God, die opbou van die gemeente en die uitbreiding van Sy koninkryk.

    Julle sal baie goed weet dat 'n saak soos hierdie eintlik oor gepraat wil wees - dit gaan tog oor meer as 'n klompie koue woorde. Kontak ons asseblief vir 'n kuier en dan praat ons verder.

## ❖ Aftrede: Hendrik

Volgens die kerkorde is die aftree ouderdom van 'n dominee op 65 jaar gestel. Hendrik bereik in Oktober dus aftree ouderdom. Die kerkraad oordeel dat Beweging 3 van die huidige gemeenteproses 'n goeie aanduiding behoort te wees van hoe die pad vorentoe kan lyk. Met die oog op die kerkraadsvergadering van 7 Augustus 2025 word 'n Gemeentebedieningsplan saamgestel vir die vorentoe pad. Na aanleiding hiervan neem die kerkraad op daardie vergadering 'n besluit oor die vul van die vakature, al dan nie.

**Ek groet julle met die woorde van Schalk Kruger: *"Die Here seën ons uit ons sokkies uit."* Ek weet dat mense se geheue maar kort is, maar ek hoor al meer mense sê dat hulle nog nooit soveel water in ons land sien val het nie. Wat 'n gebeurtenis! Wat 'n getuienis!**

Groete.